
WAT SIEN JY AS JY
in die spieël kyk?
LUKAS 3:7-21


Epifanie

1 Hooggeagte Teofilus!
Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te
skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het.
2 Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons
oorgelewer is deur die mense wat van die begin af
ooggetuies en dienaars van die Woord was.
3 Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles
stap vir stap van voor af te ondersoek en die
verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te
skryf.

Lukas 1:1-3


4So kan u te wete kom dat die dinge waaroor
u onderrig is, heeltemal betroubaar is.
5In die tyd van koning Herodes van Judea
was daar 'n priester met die naam Sagaria, uit
die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van
Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet.
Lukas 1:1-5


WAT SIEN JY AS JY
in die spieël kyk?
LUKAS 3:7-21


Wie is jy?


Is wie jy is wat...?
• jy doen
• jy het
• ander van jou sê
Wat as ons dit alles verloor?


Jesus bepaal ons identiteit!

7Die mense het in groot getalle uitgegaan om deur
Johannes gedoop te word. Hy het vir hulle gesê:
"Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die
dreigende toorn kan ontvlug? 8Dra liewer vrugte wat
bewys dat julle bekeer is. En moenie by julleself sê:
'Ons het Abraham as voorvader' nie, want dit sê ek
vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir
Abraham verwek. 9Die byl lê al klaar teen die wortel
van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra
nie, word uitgekap en in die vuur gegooi."

*Lukas 3:7-21*

10 Die mense vra hom toe: "Wat moet ons dan
doen?"
11 Hy antwoord hulle: "Wie twee kledingstukke het,
moet dit deel met iemand wat nie het nie, en wie
kos het, moet dieselfde doen."
12 Daar kom toe ook tollenaars om gedoop te
word en hulle sê vir hom: "Meneer, wat moet ons
doen?" 13 En vir hulle sê hy: "Moenie meer invorder
as wat vir julle vasgestel is nie."

*Lukas 3:7-21*


14Ook soldate het hom uitgevra: "En ons, wat
moet ons doen?"
Hy antwoord hulle: "Moet van niemand deur
geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar
wees tevrede met julle betaling."
Lukas 3:7-21

15 Die volk was vol verwagting, en almal het hulle
begin afvra of Johannes nie miskien die Christus is
nie. 16 Daarop gee Johannes aan hulle almal die
antwoord: "Ek doop julle met water, maar my
meerdere kom, en ek is nie eers werd om sy skoene
los te maak nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en
met vuur doop. 17 Hy het sy skop in sy hand, en Hy
sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Die koring
sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal
Hy met onblusbare vuur verbrand."

*Lukas 3:7-21*

18Ook oor baie ander dinge het hy dikwels die
volk vermaan en die goeie boodskap aan hulle
verkondig.
19Hy het ook vir Herodes, die heerser,
tereggewys oor Herodias, die vrou van sy broer,
en oor al die ander slegte dinge wat Herodes
gedoen het. 20Maar Herodes het nog verder
gegaan en Johannes in die tronk opgesluit.

Lukas 3:7-21

21 Toe al die mense hulle laat doop het, is
Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid,
het die hemel oopgegaan 22 en het die Heilige
Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom
neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die
hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou
verheug Ek My."

*Lukas 3:7-21*


Jesus met ons!


Ons met Jesus


WAT SIEN JY AS JY
in die spieël kyk?
LUKAS 3:7-21